*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Vir die Ossewabrandwag bestaan volkseenheid ongeag of almal dit besef of nie, want die gemeenskaplike bloed is die grondslag.*

# Die O.B.

*Vir die partypolitiek bestaan volkseenheid slegs vir hulle wat ondersteuners is, want die partylidmaatskap is die grondslag.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 20 JANUARIE 1943. No. 9.

# Ou Orde is Geen Offers Werd Sê Soldaat se Vrou

## Kapitaliste Bied Huisvesting Teen 80 Ghienies aan Offerbrengers

**Ons plaas onderstaande uittreksel uit 'n brief wat in The Argus van 12 deser verskyn het van 'n Engelse vrou wie se man in die Noorde veg, maar wat feitlik sonder tuiste met haar twee kindertjies rondswerf omdat die kapitaliste wat oor wonings beskik, se uitbuitingspryse bokant die vuurmaakplek is van diegene wat meen dat hulle 'n ideaal bo stoffelike belange stel of wat om ekonomiese redes juis gedwing is om vir die ,,ideale'' van die kapitaliste te gaan veg.**

,,Dae lank het ek opgebel en van plek tot plek gestap op soek na huisvesting vir myself en twee dogtertjies (3 en 7). **Afgryslike klein kamertjies in agterlike huise word my aangebied as 'n guns vir 4 ghienies per week — vir slegs die kamer. Hotelle wat losies van enigsins aantreklike aard aanbied, verlang van 60 tot 80 ghienies per maand. In ander hotelle — indien daar wel plek is — kan ons lewe teen betaling van 40 tot 50 ghienies per maand.**

,,Indien ons mans weg is om vir die voortbestaan van hierdie soort wêreld te veg, dan is dit nie die moeite werd nie, en dan sou ek, en saam met my baie ander vroue in dieselfde toestand, baie liewer my man wat in die Noorde is, terug wil hê sodat ons die dinge wat ons wag, tesame kan tegemoetgaan.

,,Afgemat deur die langdurige skeiding en die klein dingetjies wat die agtergelate vroue moet trotseer in hul alleenheid, **voel ek tans geheel en al gebelgd, ontnugter en verbitterd. Ek het hier baie weinig in ons huidige orde teengekom wat die bloedige stryd wat daarvoor gevoer word werd is — behalwe die mooi natuurlike skoonhede van die Kaap, en dit sou selfs die Nazi's oorlewe. ,Die aarde behoort aan die Vader', maar die huidige gebroed van inhalige, gewentenlose bloedsuiers wat op sy oppervlakte aanteel, is geen opoffering werd nie.''**

## VELDKORNETSKAP HET EEN MAN TE VEEL

### Treffende Voorbeelde van Geesdrif in Transvaal

Hoe gesond die toestand van die Ossewabrandwag in Transvaal is, blyk uit die volgende treffende voorbeeld: Genl. J. D. Jerling, A.K.G., het onlangs 'n toer tot anderkant die Soutpansberge gemaak waar hy o.a. by veldkt. Smit van Vetfontein aangedoen het. Hy het navraag gedoen na die sterkte van sy veldkornetskap en hom is meegedeel dat daar 230 manskappe en offisiere is. **Die Transvaalse indeling maak voorsiening vir 229 lede in elke volledige veldkornetskap, sodat hierdie een dus een man meer gehad het as wat hom toegelaat word.**

By 'n ander geleentheid het die A.K.G. 'n offisiersvergadering op Settlers in die kiesafdeling van mnr. J. G. Strydom, Transvaalse H.N.P.-leier, gehou. Meer as honderd offisiere van daardie kommando het hul opwagting gemaak, wat inderdaad getuig van groot geesdrif en vastigheid.

## K.G. SE REISPLAN IN VRYSTAAT

'n Uitgebreide reis sal deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, van 2 Februarie af deur die Vrystaatse kommandement waargeneem word. Die vergaderings is as volg belê:

| | |
|---|---|
| 2 Feb.: | VRYBURG 8 nm. |
| 3 Feb.: | Kuruman 11 vm.<br>Postmasburg 8 nm. |
| 4 Feb.: | Grikwastad 2 nm.<br>Douglas 8 nm. |
| 5 Feb.: | Barkly-Wes 11 vm.<br>Kimberley 8 nm. |
| 6 Feb.: | Petrusburg 10 vm.<br>Hertzogville 4 nm. |
| 8 Feb.: | Wesselbron 10 vm.<br>Koppies 8 nm. |
| 9 Feb.: | Lindley 10 vm.<br>Bethlehem 8 nm. |
| 10 Feb.: | Marquard 10 vm.<br>Bloemfontein 7.30 nm. |
| 11 Feb.: | Dewetsdorp 10 vm.<br>Smithfield 2.30 nm.<br>Edenburg 8 nm. |

## ONSKULDIG BEVIND NÁ 6 MAANDE OPSLUITING

Nadat hulle vir ses maande in die tronk opgesluit was sonder enige aanklag teen hulle is twee jong studente verlede week deur 'n spesiale hof in Kaapstad onskuldig bevind op aanklag van poging tot brandstigting. Hulle is Johannes van Wezel (20) en Hendrik Duvenage (18) wat einde en ten laaste verskyn het op aanklag dat hulle brandbomme in 'n bioskoop sou neergesit het.

Ondanks die bevinding van die regter en ondanks die langdurige opsluiting in die tronk, is bekend gemaak dat die twee jong manne geïnterneer sal word, alhoewel hulle voorlopig op versoek van die ouers tydelik onder laasgenoemde se toesig geplaas is, hangende 'n finale beslissing.

'n Derde student, Johannes Beyers, is veroordeel tot vyf jaar tronkstraf omdat hy in besit sou gewees het van nie-erkende plofstowwe. Uit die getuienis het geblyk dat dit chemiese stowwe is wat ontvlambaar is wanneer dit gemeng word. Beyers se verontskuldiging was dat hy 'n jaar lank chemie studeer het aan 'n universiteit en dat hy proefnemings met die stowwe gedoen het.

# Welkom aan Afrikaanse Soldate

Die Ossewabrandwag het nie nodig om sy standpunt ten opsigte van die oorlog te verklaar nie. Elkeen, vriend of vyand, weet dat ons hierdie oorlog beskou as in stryd met die belange nie net van Suid-Afrika nie, maar van alle volke dwarsdeur die wêreld. Vir ons is dit 'n oorlog in belang van die imperialisme en die kapitalisme waarvoor nodelose bloed geoffer word. Die Ossewabrandwag se standpunt ten opsigte van die soldaat, hoewel telkens reeds duidelik gestel, mag miskien nie so alombekend wees nie.

Ons Kommandant-generaal het by meer as een geleentheid reeds gesê dat ons die druppel bloed van 'n enkele Afrikaanse soldaat te waardevol beskou om vir die Empire gestort te word. **Vir die Ossewabrandwag bestaan 'n volk nie net uit daardie mense wat sy program van beginsels onderskryf nie, soos in die partypolitiek die geval is. Vir ons bestaan 'n volk uit die bloed wat in die are van sy manne en vroue vloei. Om hierdie rede gaan die Ossewabrandwag se belangstelling ook uit na elke volksgenoot wat die draer van Afrikanerbloed is, maak nie saak of hy 'n straatveër in Kaapstad of 'n soldaat in Egipte is nie; vir ons bly hy Afrikaner wat in hom deel van die nageslag dra.**

Omdat die aard en geestelike rykdom van die volk afhanklik is van die welstand en geluk van elke volksgenoot, is die Ossewabrandwag se belangstelling ook meer as dié van 'n politieke party wat net in die stem van 'n stemgeregtigde belang stel, en ook meer as dié van die kapitalistiese Regering wat net in die liggaam van sy onderdane belangstel insover hulle militêr geskik is vir die beskerming van kapitalistiese belange in die buiteland.

Die Ossewabrandwag wil elke draer van Afrikanerbloed gelukkig en voorspoedig sien, en dit is in hierdie gees dat hy ook met blydskap kan verneem dat soveel Afrikaners wat in die Noorde geveg het, baie van hulle deur ekonomiese omstandighede gedwing, tans weer terug is in hul vaderland, al is dit dan ook maar net tydelik vir 'n vakansie. **Aan hierdie soldate, of hulle die Ossewabrandwag as gevolg van kapitalistiese propaganda nog beskou as 'n vyand of nie, wil ons sê: hartlik welkom in jul vaderland, want ook julle is draers van Afrikanerbloed; ook julle is lede van die volk in diens waarvan die Ossewabrandwag staan, en ook jul toekoms is opgesluit in die staat wat die Ossewabrandwag besig is om te skep, of julle dit nou reeds besef of nie, die Gesagstaat van die Afrikanerdom waar dit sal wees elk vir almal en almal vir elk.**

Aan die soldate wat miskien binnekort tot verdere diens vir die Empire opgeroep sal word, wil ons sê: Mag julle almal in welstand na afloop van die oorlog tot jul vaderland terugkeer. Ons het elkeen van julle nodig vir ons volk. **En wanneer julle eenmaal terugkeer, doen dit met vrymoedigheid, want die Ossewabrandwag sal julle help en ondersteun nie omdat hy julle as armlastiges sal beskou of omdat julle dit ,,darem'' verdien het nie, soos die kapitalistiese bewindvoerders redeneer, maar omdat julle lede is van die Afrikanervolk wat alleen dan gelukkig en welvarend sal wees as elke volksgenoot gelukkig en welvarend is in 'n eie onafhanklike staat.**

## BETEKENISVOL

,,En dit is ook baie betekenisvol dat, hoewel bykans die helfte van ons Afrikaanse burgers afsydig van die oorlogspoging staan, ongeveer 40 persent van ons leër bestaan uit Afrikaners van Nederlandse afkoms, en dit in 'n land waar almal vrywilligers is wat aangesluit het uit 'n besef van plig en vaderlandsliefde.'' Aldus kol. Deneys Reitz voor 'n groep Britse joernaliste in Londen.

Aan die begin van sy praatjie het die Kolonel beweer dat 55 persent van die bevolking Afrikaners is. Volgens hom sou die Afrikaanssprekendes wat ten gunste van die oorlog is, dus net 27½ persent van die bevolking uitmaak. **Maar die leër bestaan uit 40 persent Afrikaners in plaas van 27½ persent, soos 'n mens sou verwag. (Voorheen is verklaar dat dit 60 persent is. Miskien was dit die syfers voor Tobruk.)**

Die Kolonel vind dit ook betekenisvol en wel omdat hy meen dat almal vrywillig uit 'n besef van plig aansluit.

Vir ons lê die betekenis daarin dat die Kolonel, voorheen Adjunk-premier, sonder dat hy dit weet erken dat (ná die val van Tobruk?) **minstens 12½ persent van die leër nie uit vrywilligers bestaan nie, en volgens die vroeëre syfers sou 32½ persent — dus een-derde — van die leër uit manne bestaan het wie se ,,besef van plig'' waarskynlik net so ver gegaan het as hul bekommernis oor vrou en kind.**




*Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

*MEER AS 200 KURSUSSE*

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente** het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag .. vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in ..............................

Naam..............................

Adres..............................

(O.B. 13 Jan. 1943)..............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A:), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**

**KORRESPONDENSIE KOLLEGE**

**Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,**

**JOHANNESBURG**

**Posbus 3512 Foon 22-3512**

**SASBANK**

*Verrig Volksdiens!*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

116 Takke 41,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**
**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**
**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS


# Die Amajoeba-Kantate

## „Van Paardekraal —'80 tot Perdekraal 19'—, Van Amajuba — '81 tot Amajoeba 19'—."

Die simboliese kantate hier aangebied beliggaam deel van die Amajoeba-geskiedenis en is opgestel vir gebruik op VRYHEIDSDAG.

Waar moontlik moet kommando's dadelik begin om deelnemers te kry en af te rig. Die volledige program in verband met Vryheidsdag, verskyn in ons volgende uitgawe.

Op 8 Desember 1880 was daar op Paardekraal seker een van die merkwaardigste byeenkomste in die geskiedenis van Transvaal en van ons volk. Die omstadighede was heel besonder. Onder die roof-anneksasie van Transvaal is vergaderings belet asook die hou van 'n eie volkstemming. Oom Paul en sy ondersteuners het die verbod met minagting opsy geveeg.

Die uitslag van die volkstemming was 'n vernietigende antwoord op die bewering dat die meerderheid van die bevolking ten gunste van die vreemde bewind was. Op 13 Desember is die onafhanklikheid van die Republiek aldaar met trots aan die wêreld verklaar en op 16 Desember het besmoontlik nog die belangrikste stap op Heidelberg gevolg: die proklamasie van 'n gesagsvorm van regering onder die driemanskap Pretorius, Joubert en Kruger. Sal ons in die kringloop van die geskiedenis dan nie weer so iets belewe nie? Hierdie gebeurtenis stuur eindelik op die onvergeetlike Amajoeba af, wat dit triomfantlik afsluit.

Amajoeba word in hierdie stuk voorgestel as 'n figuur wat die volkswil tot volkome onafhanklike vryheid versinnebeeld. Gebore, net soos die volk, uit Afrikaanse grond, roep hy ons tot die stryd en vestig hy op elke gesette tyd ons aandag op 'n volksleier — sy verteenwoordiger.

Die Amajoebafiguur verpersoonlik verder daardie onstuitbare volksdrang tot selfgeldiging wat bevredig **moet** en **sal** word. So word hy dan ook in die eerste koorspraak voorgestel. Ná die koor hom akklameer het verskyn die eerste volksleier, president Kruger. Amajoeba kom hierna weer op die toneel waarop die Kommandant-generaal optree.

### PAARDEKRAAL, DESEMBER 1880.

**Spreekkoor:**

Uit donkertes van tyd verby
na donkertes wat voorlê
verrys hy uit die vlaktes op,
hy wat uit die vlaktes kom,
hy die Gestalte, Reusegees;
hy die Wagter, hy die Pagter
van 'n jonggebore volk, nuut verrys
uit Afrikaanse grond, soos die walvisrug
die seeskuim breek en die water ploeg,—
stadig, magtig, krag onmeetbaar,
blind, onbewus, ontembaar;
So ook die Wagter wat hom in die
wolkedieptes hou en oor sy vlaktes
met bliksemkyk sy donderstem
gebiedend uitstort; hy Amajoeba, hy
die Volkswil, praat:

**Amajoeba:**

Waar is my vegters en hul vroue trou,
waar my volk, my roem, my krag?
Ontwaak! Ek roep jul, wees julself!
Dit is die strydroep wat hier klink.
'n Vreemde vlag waai oor die land,
maar oor die volk nie, dit sal hy nooit!
Sal ons prysgee en verbeur
Bestaan en Land en Vrywees?
Verloën ons Vaders, ons siel versmoor?
Staan op my Burgers, sluit jul linies
en stormja op die wat indring af.
Veeg al wat rower is meedoënloos weg,
maak onskadelik wat skadelik mag wees of is;
wat onkruid of wat vyand is, roei uit!
Nòg noodskree, smeek of vleitaal bang
en dreigement nòg minder sal ons stuit.
Veeg skoon die land soos haelbui en
stormreën alleen die blaarloos boom en
hoorbaar nadrup laat; veeg skoon!
Die uur van straf en wraak is hièr.
Ek roep jul tot die stryd my volk!
Geen man wat man, geen vrou wat vrou is
sal talm, maar met gestaalde durf my,
my die Volkswil — jul sal my ook Amajuba noem —
dien of sterf. Ek gebied! My stem sal
in elke troue hart se weerklank klop.
'n Man tot Volksleier wys ek hier aan,
'n Man van ysterwil, gesag en hoogste eer —
die grootste hier na my, my gesant!
Hom sal jul volg, sy boodskap dra,
sy stem gehoorsaam en wee die wat hom
strafbaar maak aan dwarstrek, teëpraat of
versuim. Ek het gesê: Laat my wens geskied!
Ruk op jul stryders! Opruk!
Die pad lê voor ons oop, die vyand daar,
en jy, o opgehoopte stroom, breek los
en voer ons mee. Mag God jou stuur!

**Spreekkoor:**

Heil Amajoeba! Heil die Volkswil! Heil!
Ons buig ons voor u en aanvaar
u gesant, gesalfde en gesagsman groot!

**Die Volksleier —
Paul Kruger:**

Medeburgers, Volksgenote, Oproermakers
teen haar Majesteitsgesag. Só word ons
genoem deur hul wat teen ons oproer stook.
Dit stem tot skaamte en tot droefheid dat
'n volk so laag kan sak om roof te pleeg
en dan vermetel die geroofde tot valse trou gebied.
Gee my u aandag. Hoor my woord:
Laat geen twyfel, wanbegrip of misverstand,
my oortuigings diep verdubbelsinnig.
Volk van landbouers, hier deur Gods-
wonderwerk verplant, deur doodsvallei gevoer
tot nasiegrootheid; verjaag, vervolg,
verplunder, omring deur vyand, Blanke en
Barbaar. Volg na ons spoor; u vind ons
nooit die Buiter, maar altyd die Gebuite,
die Ontroofde, veel meer deur blanke lis as
wrede inboorling. Ons rigsnoer is die Woord:
vervloek is hy wat die landpale van sy
naaste verraderlik versit! Laat God sy oordeel
spreek en die vreemde rower straf.
Sal vreemdes hier ons staat regeer?
Skud af die juk en sny die halterstrop wat
eenmaal om die nek, alleen die voete vry en
onafhanklik laat om lug te trap.
Volkstemming is gehou teen onheilige verbod
en volksvergadering hou ons nou om met
veragting van ons af te werp die vreemde
dwinglandy, en weer op hierdie dag ons Vryheid te
verkondig. Gesag, o veel misbruikte woord,
hoelank sal onreg in jou naam regeer?
God het duister dae oor ons volk gebring
opdat ons die Vryheid sal leer ken, vryheid
op Gods gesag en die vrye volkswil wat sy
Godgegewe leier daartoe kies en volg.
Laat hierdie Vryheidsdag tot in die verste
nageslag 'n Godsdaad en 'n Volksdaad breed
verkondig. Die heer is hier teenwoordig,
al breek die swaarste onweerswolk —
Ons sal voortbestaan en bly — 'n Volk!
Laat ons hom loof met dankgesang.

(Koor sing nou Psalm 25.)

### (MAART 1881 — NA DIE SLAG.)

**Amajoeba:**

Ek kom jul my burgers, vegters, stryders,
en jy my leidsman trou, my dank,
my lof, my blydskap bring, die
vyand is verslaan, ons vryheid is herwin.
Die volksgees in sy stroming sterk sal so
sy pad deur hindernisse baan.
Die Afrikaanse tagtigjarig oorlog is
voleind, maar die stryd nog nie beëindig!
Ons het die slag gewin nog nie die kryg, —
die Luislang omring van Suide, Oos en
Noorde ons bestaan en onafhanklikheid.
Hy sal hom roer en listig weer
sy voue nouer trek; wees gewaarsku, staan
Brandwag pal en voordat die aanval kom,
Val aan! Ons mag die slag maar nooit
die stryd verloor, al duur dit nog 'n tagtig jaar.
Ons kan en het oorwin en weer sal ons
oorwin — voor nog 'n tagtig jaar. Die Volkstroom
het sy gang. Geen vyand nóg so sterk,
of gevare nóg so groot of dit sal wyk
voor vasberade durf, hoogste reg en trou.
Ek Amajoeba, wat waghou op my troon
wys op elk gesette tyd die volk sy leidsman aan.
Volg hom! Volg my! Dien hom! Dien my! en
dien geheel die volk. Wees sterk, hou koers!
Ek Amajoeba, ek die Volkswil het gepraat —
Laat elk gehoor gee; laat my wens geskied!

**Spreekkoor:**

Heil die Volkswil! Heil Amajoeba! Heil!
Amajoeba is die slagkreet, Amajoeba is die Magkreet!
Heil gesalfde, ons gesags- en leidsman sterk!
Amajoeba! ! Amajoeba! Amajoeba!

**Die Teenswoordige Volksleier —
Kommandant-Generaal 1943:**

Van Bloubergstrand tot Bloedrivier
van daar na Perdekraal en deur
Amajoeba en Vereeniging tot nou.
Die Leeftyd van twee grysaards —
sien daar ons dubbele tagtigjaar se stryd —
roem van groot Nederland verdubbel.
Ons nader haas die tweede tagtig-
tydperksend en staan nou voor 'n tweede
Perdekraal en sal, so God ons help,
die stryd beëindig met Amajoeba Twee.
Groter was nog nooit gevaar of donkerder
ons nag. Maar Bloedrivier se wonder
en Amajoeba, gevleuelde woord, versinnebeeld
die seë wat moed en durf gaan bring.
Aan my is leierskap, gesag vertrou.
Volg my op die strydig, Afrikaanse
slingerpad van Bloubergstrand tot Amajoeba Twee!
Die smartlik weg waarlangs die seëtog trek.—
Daar is vooruitgang, goëlwoord van baie, op

ons volkstrekpad, maar driesoortig die manier
van tredhou; vooraan, langsaan en agteraan!
Daar is die wat langsaan losloop, toeskouers
wat altyd hardste skree; dan die wat veraf
slentervolg en meen hul hou die leisels,
maar dis die stringe wat hul traagheid sleep
en ons eie gang vertraag; maar daar is die wat
in gelid marsjeer, die volkswa trek,
en die wat pad baan voor, die leiers
wat die lig volg. Eén doel, één trou, één Volk!
Ons dooies slaap nie, ons offers sterf nie.
Niks gebeur om niks nie: Alles vir almal.
Almal vir elk. Óns land, óns volk, óns God!
Maar laat hom praat, die grootste en die
grootste onder ons gewees, my voorganger,
Gesagsman, Volksman, Staatsman, Leier;
,,Hier," spreek hy, ,,Hier, geen dwinglandy,
hier geen vreemde heerskappy,
val vry, felle bliksemskig,
bo-op Amajoeba brand 'n lig!"
Amajoebagees herleef; die volkswil seëvier, Komaan!

**Spreekkoor:**

,,Ek hou van 'n man wat sy man kan staan;
ek hou van 'n arm wat 'n slag kan slaan;
'n oog wat nie wyk,
wat 'n bars kan kyk;
en 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan!

Vas soos 'n berg van grou graniet
op vaderlands-grond sy hartsgebied,
aan haar getrou
soos aan kind en vrou,
en wat in haar ere ook syne siet!

Ek hou van 'n man wat sy Moeder eer
in die taal uit haar vrome mond geleer,
en die bastergeslag
in sy siel verag,
wat, haar verstotend, hulself kleineer.

Die oog wil ek sien wat 'n traan nog ween
vir 'n heldegeslag, in hul rus daarheen,
maar 'n blits van trou
wat aan haar liefde weer gee, wat haar bron is ontleen

Vir my d' Afrikaner van durf en daad,
wat Mammons eer en loon versmaad,
sy hoof en sy hand
vir sy volk en sy land
en 'n trap van sy voet vir laag verraad!"

SLOT:—

Ons wat die daeraad sal sien
vergeet nie wat in die nag
geval het. Ons wat die poort sal
deurgaan, gedenk die wat langs
die pad beswyk het. Die tog het ons
tesame meegemaak, maar almal tesaam kan
helaas die eindtriomf nie smaak.
Gedenk hul en wees sterk.
Nimmer gaan ons nasie onder
as ons in gedagtenis hou
al die adel, al die wonder
van sy mannemoed en trou.
Gedenk ons Hollandse Volksplanters,
gedenk ons Hugenote Geloofsvaders,
gedenk ons Duitse Voortbouers,
gedenk ons helde-leiers en helde-lyders.
gedenk getroue dienskneg, die os, die wa,
gedenk die voortrek en bring hulde;
lede almal van Afrikaanse Pantheon:

1. Paul Kruger — Staatpresident.
2. Piet Retief — Voortrekkerleier.
3. Andries Pretorius — Held van Bloedrivier.
4. Carel Celliers — Die Geloofsheld.
5. Kommandant Danie Theron — Die Baas-Verkenner.
6. Generaal Christiaan de Wet — Die Guerrilla-leier.
7. Genl. Christiaan Beyers — Held uit die Tweede Vryheidsoorlog en die Rebellie.
8. Genl. Manie Maritz — Held uit die Tweede Vryheidsoorlog en die Rebellie.
9. Frederick Bezuidenhout van Slagtersnek.
10. Komdt.-genl. Piet Joubert — Held van Amajoeba.
11. President Marthinus Theunis Steyn — van die O.V.S. en held van die Tweede Vryheidsoorlog.
12. Genl. J. B. M. Hertzog — die Volksman en held uit die Tweede Vryheidsoorlog.
13. Gideon Scheepers — Held uit die Twede Vryheidsoorlog.
14. Jopie Fourie — Held van die Rebellie.
15. Genl. Koos de la Rey — Held van die Rebellie.
16. Genl. Wynand Malan — Held uit die Tweede Vryheidsoorlog.
17. Dirkie Uys en Japie Greyling — kinderhelde.

**Koor:**

Heil die Volkswil! Heil Gesagsman! K.G.-Leier!
Amajoeba is die slagwoord! Amajoeba is die Magwoord!
Amajoeba! Amajoeba! !! Amajoeba!


# Schoemanello Drank . . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 6 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 2/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIQEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme:—K.M.B, plus treingeld na sylyne, K.B.A, plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN**

Posbus 142. Oudtshoorn.


# Wenke In Verband Met Die Amajoeba-kantate

Die Kantate is vir uitvoering deur 'n spreekkoor en 'n paar hooffigure. Getroue impersonasies van die volksleiers moet liefs vermy word. Gebruik egter voordraers met sterk persoonlikheid.

Wat die kleredrag betref word verwys na die algemene O.B.-drag. Mans moet in vaal sportbroek, wit hemp en gekleurde nekdoek optree soos vir die verskillende provinsies voorgeskryf. — Kaapprovinsie blou, Vrystaat oranje, Transvaal groen, Natal wit.

Koorspraak verleen hom tot 'n pragtige massa-effek, veral waar daar 'n paar honderd deelneem. Afrigting is 'n reuse-taak. Waar die eintlike koor dus groot getalle insluit, kan 'n voorlopige afrigting begin met 'n kerngroep van sowat dertig. Die spreekkoor kan twee- of vierstemmig wees, nl. soprane of baie ligte damestemme, altstemme wat 'n kontras moet vorm met die ligtere damestemme. Die twee groepe here-stemme moet bestaan uit die ligter tenoorstemme en die donker of diep basstemme.

Vir 'n binnemuurse uitvoering sal die mooiste en fynste effek bereik word met 'n kleiner koor van vier of twaalf persone. Die doeltreffendste en bes afgerigte resultaat kan hier verkry word. Met groot buitelug-feeste sal die massa-effek paslik en indrukwekkend wees.

Die halfmaanrangskikking is die beste met die damestemme regs, soprane voor die altstemme en die here links met die ligterstemme voor en die basstemme agter. Tussen die dames en die mans moet dan 'n gelyke gangpaadjie gelaat word, waarlangs die soliste of sentrale figure op en af kan beweeg soos hulle verskyn en afgaan.

Die voordrag moet altyd vol en musikaal wees. Vermy egter valse beklemtoning en skoppelmaai-ritme. Dressering en uitdrukking is uiters belangrik. Elke deelnemer se gesig moet straal, hy moet sy mond goed oopmaak en die klanke veral die medeklinkers vol en sterk artikuleer. Niemand moet dooierig lyk of frons nie. 'n Effense glimlag is die beste gronduitdrukking waarop ander gelaatsekspressievorme kan speel na die aard en betekenis van die teks. Geen bewegings van kop, arms of liggaam moet toegelaat word nie, behalwe by saluering. Elke speler moet, sodra hy sy plek op die verhoog inneem sy oë op die voorkop van die dirigent rig en nie weer wegkyk voordat die applous oor is nie. Niks is meer hinderlik nie as wanneer sommige in die wolke, ander op hul voete en sommige skuinsweg- of rondkyk. Elke deelnemer sit of staan regop met die voete bymekaar, nie teenmekaar nie, die linker effens voor die regtervoet. Spelers se houding is ten alle tye waardig en grasieus. Elke speler wat hom nie ten volle aan die dissipline onderwerp nie word uitgeskakel.

'n Groot koor behoort op 'n stellasie te staan wat vas en stewig is. Die dirigent staan onder, voor, waar hy die minste vir die toeskouers sigbaar sal wees, want baie toeskouers vind in hierdie soort uitvoerings die dirigent hinderlik.

Die tempo moet vinnig wees maar nie gejaagd nie. Daardie deel van die slotvers net voor die Pantheon wat begin met: ,,Gedenk ons Hollandse Volksplanters . . . ens.", moet op gewyde mono-toon voorgedra word en wanneer die heldename uitgeroep word bring groot verskeidenheid in die stemme wat daarvoor gekies word — almal lede van die spreekkoor in die voorste ry.

Gepaste en effektiewe gebruik kan gemaak word van musiek, veral waar daar 'n blaasorkes tot beskikking is. As voorspel kan die trompette 'n gepaste fanfare speel soos aan die slot van die lied ,,Majuba"' in die O.B.-sangbundel en dan kan die orkes die inleiding en begeleiding speel wanneer die koor saam sing òf ,,Dierbaar Suid-Afrika" — Nommer 9 in die F.A.K.-sangbundel — òf Nommer 20, ,,Gedenk." As die laaste akkoord gespeel is tree die spreekkoor op. Dieselfde deelnemers kan aan albei kore deelneem. Voordat ,,Amajoeba" vir die eerste keer praat kan sy teenwoordigheid aangekondig word met dieselfde fanfare uit die lied, ,,Majuba". Op dieselfde wyse kan president Kruger se toespraak voorafgegaan en afgesluit word met òf 'n tema òf die hele Transvaalse Volkslied. Amajoeba se laaste rede moet ingelei word met koor en orkes wat die lied ,,Majuba" sing. Wanneer die K.G. se toespraak volg moet dit voorafgegaan word met die Lied van Jong Suid-Afrika en afgesluit word met daardie gedeelte van ,,Die Stem" waarop die saluut geneem word.

Hierdie is slegs wenke in breë trekke. Ons hoop dat dit nuttig sal wees. Vasvat! Opskud! Alle sukses!

## 'N JAAR GELEDE

'n Jaar gelede het die Ossewabrandwag by monde van ,,Die O.B." as volg geskryf na aanleiding van die republiek-mosie van dr. Malan waarin onder meer voorsiening gemaak is vir ,,die getroue inagneming van die gelyke taal- en kultuurregte van albei seksies": ,,As daar weer 'n beslissing (op hierdie grondslag) moet kom oor 'n belangrike saak soos oorlog, en die Engelse- of SAP-party is aan bewind, sal ons maar weer in 'n oorlog gedompel word terwille van Britse sentiment, **want dit was nie die Britse KONNEKSIE as sodanig wat ons in die oorlog gesleep het nie, dit was die Britse SENTIMENT, en solank ons in Suid-Afrika onderneem om Britse sentiment ,,getrou in ag te neem" onder die dekmantel van gelyke kultuurregte, solank sal ons volk geen waarborg hê teen 'n herhaling van hierdie opoffering van Afrikaanse belange aan vreemdes nie.** Alleen 'n staat wat gegrond is op die natuurlike beginsel van organiese eenheid, d.w.s. 'n staat waarbinne net een nasie as volk erken word, kan in alle opsigte reg laat geskied aan die Afrikanerdom."

Dit is die eenheidsgrondslag van die Ossewabrandwag waarop hy vandag nog staan.


**O.B.-MUSIEKBUNDEL**

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel!!

Elke Brandwag behoort die O.B. MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die ,,Ossewabrandwaglied" moet ken en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met woorde, passend vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

**Prys 2/6 Posvry**

3/6 insluitend 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

BESTEL NOU ! !

**O.B.-HOOFKWARTIER**

Posbus 8576, JOHANNESBURG.

DIE O.B., WOENSDAG, 20 JAN. 1943

# „Ontnugter"

Elders in ons uitgawe verskyn 'n brief van 'n Engelse vrou wat ons uit 'n Kaapstadse blad oorgeneem het. Nadat sy dae lank vergeefse pogings aangewend het om 'n onderdak vir haar en twee kindertjies — haar man veg in die Noorde — te soek, wat sy wel kon gekry het indien sy bereid of in staat was om soveel as £84 per maand te betaal, het sy tot die ontnugtering gekom dat die huidige orde nie die moeite werd is om voor te veg nie.

Aan die een kant sien hierdie vrou van 'n soldaat, wat bereid is om sy lewe neer te lê vir 'n saak wat hy meen hy dien, die opofferings wat daar in menige huis gemaak word vir 'n ideaal wat hulle voorgehou word. In hul opregtheid is hierdie soldate bereid om hul eie gerief en veiligheid prys te gee, hul huise op te breek en hul gesinne aan die beskerming van die bewindvoerders oor te laat. Aan hulle word mos vertel dat daar geveg word vir die Christendom en persoonlike vryheid. Aan hulle word vertel dat as Engeland die oorlog verloor, hulle in ewigdurende slawerny sal verkeer. En baie het dit geglo en die offers gebring.

Maar toe hierdie vrou — en sy sê daar is nog andere — vir 'n oomblik haar oog afgewend het van die mooiklinkende frases van 'n kapitalistiese pers en kennis gemaak het met die harde werklikheid, het dit gelei tot ontnugtering en verbittering. **Sy het die ander kant van die prentjie gesien — diegene wat oor die rykdomme beskik en bereid is om huisvesting te bied aan die vrou van 'n soldaat wat sy eie huis opgebreek en sy lewe miskien reeds neergelê het om daardie rykdomme te beskerm, teen betaling van die geringe fooitjie van £84 per maand!** En dit onderwyl die oorlog nog aan die gang is en daar gedurig nog oproepe kom tot meer en groter offers!

Indien diegene wat die offers bring, reeds nou al tot die ontnugtering kom dat hul offers alles tevergeefs is, ja, tot die ontdekking kom dat die „gewetenlose bloedsuiers" in wie se belang die oorlog eintlik gevoer word, die moed het — skaamte besit hulle nie — om hul uitbuiting op die agterblywendes van die vegtendes voort te sit, **wat staan hulle dan nie te wagte ná hierdie oorlog wanneer die enigste bedreiging wat hierdie geldgode vrees, deur 'n demokratiese oorwinning uit die weg geruim sal wees nie?** Geen wonder dan ook dat hierdie vrou „die dinge wat ons wag" in so 'n donkere lig beskou dat sy haar man maar liewer terug wil hê om dit tesame tegemoet te gaan!

Vandag word hierdie mense 'n paradys voorgehou. Daar is lywige verslae oor skemas vir maatskaplike beveiliging vir ná die oorlog, maar wat 'n ontnugtering wag die volke van die demokrasie nie wanneer die bloedsuiers wat vandag op die oomblik wanneer hul lot in die weegskaal hang, nie daarvoor terugdeins om die agterblywendes van diegene wat vir hulle veg te plunder nie! **Wat 'n ontnugtering wag hulle nie wanneer die demokrasie met sy magtelose parlementêre geskarrel opnuut gevestig gaan word nadat 'n demokratiese oorlogsbewind wat homself met volmag beklee het, nie eens in staat was om in die buitengewone omstandighede van 'n oorlog die uitbuitery van die geldmag te beteuel nie!**

Die blad waarin die brief verskyn, het dit geplaas onder die opskrif: „Woning-tekort". Blykbaar skryf hy hierdie ongelooflike toestand toe aan die tekort aan huise. Ons gee toe dat waar ons land gasvryheid bied aan tienduisende „vlugtelinge" waarvan talle skynbaar in die grootste weelde rol, dit vanselfsprekend is dat by 'n stilstand in die boubedryf 'n gelyke

(Vervolg op voet van volgende kol.)

# Die Dank van 'n Ander se Volk

Die invloedryke Britse blad „Financial News" het onlangs 'n artikel geskryf waarin hy pleit dat Suid-Afrika met die oog op 'n eweredige opoffering binne die Ryk 'n buitengewone bydrae in goud aan Kanada deur middel van Groot-Brittanje moet lewer. **In kort kom hierdie voorstel daarop neer dat Suid-Afrika se „bit" in belang van die oorlogspoging so onbenullig is dat hy sy deelname baie beter in harde kontant kan openbaar.** Trouens, so word dit ook deur die Cape Times opgeneem wat daarop wys dat Suid-Afrika sy opofferings op politieke en militêre gebied nie in terme van goud kan meet nie. Die blad voel blykbaar 'n bietjie gekrenk dat die Unie se oorlogspoging in die oë van die „Mother Country" so gering geag word dat dit nog aangevul moet word met 'n bietjie goud ten einde met die ander te vergelyk: **„Ons het gehoop dat die „Financial News" behoorlik op hoogte met die feite van Suid-Afrika se oorlogspoging sou wees om te besef dat geen dergelike ‚goedgunstige erkenning' (van S.A. se belangstelling in die gemeenskaplike saak!) vandag nodig is nie,"** verwyt die blad.

Dit is interessant dat hierdie verwyt van Britse kant moes kom juis op die oomblik toe ons in 'n artikel in „Die O.B." daarop gewys het dat genl. Smuts besonder gevoelig is oor Suid-Afrika se „geringe" bydrae in vergelyking met die ander oorlogvoerendes en dat hy daarom geneigd is om nie te veel belangstelling te openbaar in griewende en dreigende toestande binne ons land nie.

**Interessanter, egter, is die feit dat die Veldmaarskalk ná al sy inspanning om Suid-Afrika ten swaarste te belas, ná al sy oproepe tot groter bydraes, ná al sy verliese aan manne en materiaal, as dank van die „Mother Country" ontvang die wenk dat Suid-Afrika sy aandeel aan die „common cause" beter kan betuig deur 'n bydrae in harde kontant!**

Die vraag is, gaan dit dien as 'n aansporing vir ons aspirerende bewindvoerder om nou met sulke groot offers te voorskyn te kom dat dit darem die oog van die „Mother Country" sal vang, of sal dit miskien 'n demping wees vir sy onbegrensde geesdrif vir die „common cause"?

**Solank Suid-Afrika nog 'n druppel bloed het om by te voeg en 'n ons goud het om die bloed se waarde te verhoog, meen ons, sal die Veldmaarskalk strewe om sy swaar verdiende dankbetuiging met groter offers af te dwing.**

(Vervolg van voorgaande kolom)

aantal burgers sonder dak sal moet wees, veral as baie van die vlugtelinge in staat is om £84 per maand te betaal. **Maar die feit bly staan dat indien die kapitalistiese regering nie gewillig of in staat is om aan diegene wat vir hom veg, huisvesting te bied SOLANK HULLE DIT NOG DOEN NIE, hulle geen hoop het op enige beskerming ná die oorlog wanneer hulle geen offers meer bring en beskou sal word as 'n maatskaplike las wat van geen nut meer is nie.**

## DANK UIT GEVANGENIS

Van vyf Afrikaners wat in die polisie-selle op Oudtshoorn aangehou word, is 'n brief deur die Oudsthoorn-kommando ontvang waarin dank uitgespreek word vir die gewilligheid wat die kommando openbaar om mede-Afrikaners wat in moeilikheid verkeer, te ondersteun. „Ons kan u die versekering gee dat ons dit hoog op prys stel, en dat ons u nooit genoeg sal kan dank nie," lui die brief wat afsluit met 'n „Lank lewe die Kommandant-generaal!"

# Brokkies Uit Die Buiteland

## Russiese Winteroffensief

Die sogenaamde winteroffensief van die Russe geniet op die oomblik, net soos presies 'n jaar gelede, buitengewone publisiteit in die oorlogsberiggewing van die Geallieerdes. Waarom Stalin nou juis die ongunstigste tyd van die jaar, nl. die vreeslike Russiese winter vir sy verpletterende groot aanval moet uitsoek, sal vir baie mense nie duidelik wees nie. 'n Baie lesenswaardige artikel deur X in die Amerikaanse tydskrif „Foreign Affairs" van Julie 1942 los die moeilikheid op.

Volgens hierdie artikel was die Duitsers verlede jaar reeds besig om hul leërs na die winterlinies terug te trek onderwyl die groot aanval, soos die wêreld gedink het, op Moskou plaasgevind het. Die aanval op Moskou, volgens die skrywer, was niks anders as 'n skynaanval met pantsers om die langsaambewegende Duitse infanterie die geleentheid te gee om terug te val.

Voorts kom die skrywer in genoemde artikel tot onderstaande gevolgtrekkings wat hier letterlik vertaal word: **Die Russe was te swak om die Duitse terugtrekking in ernstige mate te hinder. Hulle het die terugtrekkende Duitsers gevolg maar het hulle nie agtervolg nie.** Sonder twyfel was die Russe in staat om daardie Duitse troepe, wat nie in die winterlinies skuiling gehad het nie, swaar te laat kry; ook het 'n sekere hoeveelheid swaar Duitse oorlogstuig in Russiese hande geval. **Maar die Russe was nie in staat om enige versterkte plek te verower nie wat die Duitsers besluit het om te hou.**

Die Duitse Generale Staf moes daarvan oortuig gewees het dat die Russe nie langer by magte was om vooruit te beweeg nie of om in groot getalle gedurende die winter aan te val nie. Hul eie (Duitse) troepe het natuurlik die sleutelposisies gehou; en hulle het geweet dat die Russe dit nie makliker as hulle (die Duitsers) sou vind om die vraagstuk van voorsiening te midde van die Russiese winter op te los nie. Die Russe was in werklikheid nie in staat om voorrade of steun per trein na hul voorste posisies aan te voer nie.

### KRIMPVARK-STELSEL

Ook oor die Duitse vooruitgeskowe krimpvark-stelsel van verdediging het die skrywer veel interessants te vertel. Hierdie versterkte poste, soms 200 myl van die Duitse front verwyder, is verdedig deur die beste en dapperste soldate, troepe wat vars en uitgerus was omdat hulle nog nie aan die Russiese veldtog deelgeneem het nie. Hulle is goed voorsien van ammunisie en voorrade en hul enigste verbinding met die Duitse leër is per vliegtuig en radio. **Dit is hul taak om uit te hou tot die verlossing in die somer kom en om dit vir die Russe intussen so moeilik moontlik te maak.** Rzhev en Staraya Russa is 'n paar van hierdie Duitse vestings in Rusland.

Berigte oor Russiese oorwinnings op die oomblik herinner sterk aan die groot Russiese suksesse van verlede winter. **Die enigste verskil is dat die pleknames wat nou genoem word dieper in Rusland lê as die plekke wat verlede winter so dikwels genoem is.** Dit is ook bekend genoeg dat die Russiese offensief van verlede winter nie 'n sukses was nie. Wat die resultate van die huidige offensief sal wees, sal die volgende paar maande moet uitwys.

### NUWE BONDGENOOT VAN JAPAN

Die oorlogsberigte waarop ons in Suid-Afrika getrakteer word, is soms erg onewewigtig en perspektiefloos. Erg belangrike gebeurtenisse word as onbelangrik voorgestel terwyl betekenlose gebeure as uiters gewigtig voorgehou word. So word b.v. die oorlogsverklaring van die Nanking-regering teen die Verenigde State en Brittanje as 'n nietigheid voorgestel en op die agterbladsye van ons koerante weggesteek. **In werklikheid is hierdie oorlogsverklaring van Nanking baie belangrik. In Nanking het die Japanners 'n bondgenoot wat oor die rykste deel van China beskik met 'n bevolking van tussen die twee- en driehonderdmiljoen.** Hierdie bondgenote kan deur die Japanners gewapen en teen die Brits-Amerikaanse bondgenoot Tsjoenking-China gebruik word veral omdat laasgenoemde, ná die verlies van die Birma-pad, noueliks deur sy bondgenote van genoegsame wapentuig voorsien kan word. Die hoop van die Geallieerdes om die geweldige mensemateriaal van China teen die nabygeleë Japan te gebruik, is dus gedeeltelik deur die jongste oorlogsverklaring verydel.

'n Dag later is die onbelangrike berig in die wêreld uitgestuur dat Brittanje en Amerika van hul eks-territoriale regte in China afstand gedoen het en dat in hierdie verband 'n verdrag met Tsjoenking gesluit is. Hierdie gebeurtenis is deur die pers en oor die radio as belangrik voorgestel terwyl dit tog bekend is dat Tsjoenking in werklikheid geen gesag voer oor daardie gebied waar die Britte en Amerikaners eks-territoriale regte geniet het nie en dat hierdie eks-territoriale regte in werklikheid, sedert Japan oorlogvoerend geword het, nie meer bestaan nie. Dit is maar slegs een van baie voorbeelde hoe die publiek deur waardelose nuusbrokkies en wensdrome getrakteer en mislei word, terwyl harde werklikhede verswyg of verkleineer word.

VOLKSKAS

verskaf alle bankdienste
(ook tjekrekeninge)

29

Takkantore bedien die
Bank se kliënte deur
die hele Unie.

*Fondse oorskry £2,715,000*

Vra verdere inligting
by die VOLKSKAS-
kantore.

Die Volk se Bank.

Volkskas (Koöp.) Bpk.
(Opgerig kragtens die Koöp. Wet)

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

# Jeugfront Dogter Stel Ideaal In Gees van Ossewabrandwag

**Onderstaande opstel is dié van 'n veertienjarige Jeugfront-leidster op Pearston waarvoor sy die eerste prys in 'n wedstryd ontvang het. Dit is asst.-veldkornette Helene Lötter, dogter van komdte. mev. B. G. Lötter. Ons plaas hierdie opstel omdat daaruit straal die nuwe gees van die Ossewabrandwag wat ook by die jeug posgevat het, soos ook blyk uit die talle offers wat deur Penkoppe gebring word. Dit is geskryf sonder notas onder toesig van 'n onderwyser.**

„MY LEWENSBEROEP"

As ek die kleed wat my toekoms omsluier, effens lig om 'n skaduskimp van my toekomstige lewe te kry, sien ek, in die droombeelde wat voor my geestesoog verrys, myself as een van Suid-Afrika se vooraanstaande skrywers en digters. My dokters-graad het ek alreeds met onderskeiding behaal; nou is ek een van my land se moderne letterkundiges.

Asof met 'n towerslag word ek uit my drome gewek, en die werklikheid van die lewe keer tot my terug. Wat 'n kontras bestaan daar tussen my verhewe ideale en die wêreld waarin ek verkeer! Onwillekeurig kom ek onder die indruk van die toestande waarin die wêreld verkeer. Moedeloosheid gepaard met wanhoop vervul my, en die andersins heldere toekoms is in 'n duisternis gehul.

**Telkens word my aandag getrek deur die maër bleek gesiggie van 'n ondervoede kind. My hart gaan onmiddellik na daardie kind uit, en 'n onweerstaanbare drang om my volk van 'n gewisse ondergang te red, bruis in my binneste.** Deur middel van die boeke en gedigte wat ek van voorneme is om te skryf, sal ek in staat wees om die lot van my volk te betreur, en miskien daardeur my land tot voordeel kan strek, deur die sluimerende onkunde wat daar heers, wakker te maak.

Moedig gaan ek dan voort om die pligte wat my opgedra is, te vervul. Dikwels is ek onsuksesvol, **dog niks kan my stuit om my ideale verwesenlik te sien nie.** Derhalwe toon ek die wêreld 'n glimlag, alhoewel dit in my binneste treur.

Soms word ek deur die mees prosaïese dinge van die lewe gesteur, dan is dit die natuur met al haar aanloklikhede wat my roep. Daar het my gees die stille eensaamheid bevolk met my gedagtes. Dit is asof ek meegevoer word na 'n beter wêreld en afskei van die werklike lewe. Verhale en gediggies word daar deur my geskryf, dog ek ag dit te eenvoudig om aan die wêreld te toon. Diep in my siel, egter, weet ek dis die fondament van my groot ideaal.

Dikwels het ek staan en luister na die veraf geroep van 'n stem, 'n geroep wat die snare van my siel laat tril, en my uitnooi tot 'n lewe wat skoon, sterk en verhewe is. Vir my honger siel, wat na kuns dors, is hierdie stem klankryke musiek. Dis asof die sluise van my drome geopen word, as ek vrye teuels aan my gedagtegang gee. Al die skoonheid en prag van my vaderland verskyn voor my, en daar word opnuut 'n onblusbare lus in my gebore om die bekoorlikhede van my land te besing.

My entoesiasme om lettere te bestudeer het geen perke nie. **Dit skyn asof ek gedryf word om te help met die bou van 'n groot Suid-Afrika.** Helaas, as ek ook my ideës aan die hand wil gee word dit met veragting op my neer gesien as 'n onnosele kind. Diep gekrenk het ek my na 'n plekkie in die natuur begewe. Weer was dit die plek waar ek uiting aan my gevoelens kon gee, en so word my oorspanne gemoed verlig. Ek kom onder die indruk van die magtigheid van die Skepper, en die nietigheid van die mens. Die ontelbare gedagtes wat in my geheue posvat hoop ek om in die nabye toekoms in boekvorm te mag vertolk.

**Ek voel my tot hierdie roeping om as skrywer te gaan, aangetrokke, omdat ek my volk op letterkundige gebied wil voorthelp.** Figure soos Senator Langenhoven en dr. A. G. Visser het veel gedoen vir die bevordering van die Afrikaanse taal op kulturele gebied. Ons kan ons dank nie genoeg teen oor hulle werke betoon nie.

Talle van mense in ons land is analfabeet, en ek voel my genoodsaak om uit te gaan en nog sulke gevalle te voorkom. **Ook sal ek graag wil hoor dat my moedertaal suiwer gepraat word, en dat daar 'n nuwe gees onder ons nasie aangewakker sal word om meer op letterkundige gebied voor te gaan.**

Ideale is begeertes wat langsamerhand ontwikkel tot dit eindelik 'n werklikheid word. **Een van my wense is om ambisie by my volk te probeer opwek. Dit is asof ons land in 'n slaap van onkunde gesus is. In die toekoms gaan hierdie land die leiding neem. Die blom wat nog altyd in knopvorm gehou was, gaan nou ontluik en heerlike vrugte dra.**

Hierdie roeping is my uitverkore omdat ek graag sou wil bydra tot die handhawing van ons taal. Hierdie pragtige taal word soms so vuil gebruik dat dit die snare van my siel raak. As dit in my mag is, wil ek probeer om deur my letterkundige werke hierdie belangrike saak te bevorder.

**Hierdie beroep is my nie uitverkies omdat ek myself op die hoogte wil stel nie, maar slegs met die edele doel om myself in diens van my land te stel."**

## DIE BOER WEET DAT —

— die ingevoerde parlementarisme met sy partystelsel, wat vir sy voortbestaan op die botsing van belange teer, nie by magte is om die drukkende **landbouskuldvraagstuk** op te los nie;

— alleen die **Gesagstaat**, wat nie op botsende belange gegrondves is nie maar in elke optrede die volksbelang as uitgangspunt neem, in staat is om hierdie grootste vraagstuk van ons landboubedryf blywend op te los en vir elke vooruitstrewende en toegewyde boer 'n sorgvrye bestaan op sy eie grond te verseker.

## O.B.-NOODHULPFONDS

Onderstaande staat van inkomste en uitgawe tot 30 November 1942 word deur die sekretaris van die O.B.-Noodhulpfonds verstrek. Daaruit blyk dat ondanks die reuse-bydraes daar nog 'n tekort van meer as £500 gebly het.

| 1942. | Inkomst. £ s. d. | Uitgawe. £ s. d. |
|---|---|---|
| Jan.-Okt. | 15,497 10 2 | 16,184 19 9 |
| Nov. | 1,893 16 10 | 1,725 4 10 |
| | £17,391 7 0 | £17,910 4 7 |
| | | 17,391 7 0 |
| Debiet Balans .. | | 518 17 7 |

# „Afrika vir die Afrikaner"

## Taak Waartoe Ons Volk Geroep Is

(TUINIER.)

President Paul Kruger het met sy bekende leuse „Afrika vir die Afrikaner" aan die Afrikanerdom 'n heldere wekroep en slagkreet verskaf in ons taai stryd teen die menigvuldige vraagstukke wat ons volksbestaan met algehele vernietiging bedreig. Waar ons volk nou aan die vooraand van die verwesenliking van ons vryheidsideaal staan, rus daar op ons die dure plig om met die oog op die mobilisering van elke beskikbare volkskrag, hierdie totdie-stryd-roepende leuse van die groot Afrikanerstaatsman van konkrete hedendaagse inhoud te voorsien.

Vir Tuinier geld die volgende oorwegings waarom die leuse „Afrika vir die Afrikaner" vir die Afrikanervolk as wekroep en slagkreet in sy stryd moet dien:

1. **Godsdienstig.** — Die roeping van die Afrikaner, soos dit in die geskiedenis na vore getree het en geopenbaar is, kan ons korteliks saamvat as die Christelike ontwikkeling van Afrika, 'n taak wat veral deur die bevordering van die Christelike Sendingwerk van die Afrikaanse Kerke volbring moet word.

2. **Staatkundig.**—Daardie gebied van Afrika waarop die Afrikaner aanspraak kan maak op grond van sy geskiedkundige Voortrekkerwerk, sy offers bloed en sy stryd om dit vir die blanke beskawing bewoonbaar en veilig te maak en wat terselfdertyd deur sy teenswoordige sowel as toekomstige arbeid vrugbaar bewerk, bewoon en beheer kan word, moet onder die staatkundige gesag van die Afrikanerdom val.

3. **Rassekundig.**—Op grond van die feit dat die Afrikaner die blanke beskawing teenoor die inboorlingrasse van Afrika suiwer gehandhaaf het, dat hierdie rasse onder die Afrikaner se voogdyskap 'n afsonderlike en onderling vreedsame bestaan gevind het en 'n eie ontwikkeling tegemoet kon gaan, moet die Afrikaner in samewerking met alle belanghebbende blanke state in Afrika die blywende aparte vestiging van die inboorlingrasse in hierdie kontinent reël.

4. **Ekonomies.** — Op grond van sy opening en opbouing van die verkeersweë, sy intieme kennis van die landsomstandighede en sy baanbrekende ontginning van suidelike Afrika, met inagneming van die ligging en hulpbronne van sy enigste vaderland, sowel as op grond van sy eeue-oue ervaring ten opsigte van die inboorlingrasse en sy grondige kennis van hul behoeftes moet die Afrikaner hom toespits op die opbouing van regstreekse ekonomiese betrekkings met dié gedeelte van Afrika wat hy op gesonde en doeltreffende wyse van die nodige goedere en dienste kan voorsien.

Afrika vir die Afrikaner!

## DIE PARLEMENT

Met rituele plegtigheid het die demokratiese rubberstempel, beter bekend as die parlement, verlede Saterdag weer sy jaarlikse werksaamhede aanvaar. Toesprake op 'n skaal van massa-produksie sal die wêreld drie maande lank ingestuur word vir geen ander doel nie as om propaganda vir die een of die ander party te maak. Al gevolg wat daaruit gaan spruit, is dat die groter belastings wat die volk en die groter verpligtings wat die leër in die buiteland deur 'n Brits-gesinde diktatuur opgelê gaan word, die tjap van volksgoedkeuring sal ontvang.

## DANK VIR DROËVRUGTE AAN GEÏNTERNEERDES

Ek wil graag deur middel van u geëerde blad die hartlike dank en erkenning namens Generaalskap No. 7, Oranje-Vrystaat, en die geïnterneerde Afrikaners te Koffiefontein uitspreek teenoor al diegene wat gehoor gegee het aan die oproep om 'n kersgeskenk in die vorm van droëvrugte aan die genoemde geïnterneerde Afrikaners te stuur. Dit is 'n soete druppel in die bittere beker van opoffering en lyding wat ons mede-volksgenote op die pad na ons vryheid moet ledig. Ons waardeer die opofferende meegevoel van diegene wat nog die voorreg het om op vrye voet te verkeer. Ons sien daarin die bewuswording by ons volk van die organiese lotsgebondenheid van die Boerenasie, sodat as een deel van die volksorganisme ly en offer dan ly al die ander dele saam en voel dat hulle noodwendig ook hul offers moet bring.

Ons wens dan met dank te erken die ontvangs van die onderstaande goedere van die ondergenoemde Brandwagte en vriende.

1 sakkie droëvrugte (vir A.K.G. de Jager) van C. J. Wessels, Bethesda, Vrede; 1 kassie droëvrugte (37 pd.) van P. G. Odendaal, Kroonstad; 1 sak droëvrugte (118 pd.) van B. M. Gibson, Marquard; 1 kassie droëvrugte (25 pd.) van mev. J. Fourie, Holland, Marquard; 1 doos droëvrugte (17 pd.) van Die Jeugfront-dogters, Marquard; 1 doos koek (30 pd.) van mev. Groenewoud, Fauresmith; 2 dose koek van die O.B.-kommando, Hertzogville; 2 dose koek van J. Dippenaar, Philippolis; 1 sak pampoene van H. du Preez, Sanddrif, Hoëwal; 1 sak pampoene van C. J. Calitz, Sanddrif, Hoëwal; 1 kassie koek (vir A.K.G. de Jager) van die Kriek-familie, Emerentia, Ficksburg; 1 kassie droëvrugte van P. G. Odendaal, Kroonstad; 1 doos droëvrugte van die O.B.-Hoofkwartier, Bloemfontein; 1 doos koek van die Vroue-kommando, Mooirivier; 1 doos sigarette van die Mans-kommando, Mooirivier; 2 kiste perskes van S. Gerneke, Leeuwdoornstad; 1 doos snoepvye (vir E. Kaiser, C. P. v. d. Walt, Stander, H. Steyn, Brits en L. Snyman) van mev. S. Yssel (komdte.), Noordbrugweg, Potchefstroom; 1 sak droëvrugte van D. A. Viljoen, Breërivier; 1 sak droëvrugte van Vriend, K.P. (Handelaar); 10 kassies varsvrugte van Philippolis (skenker onbekend); 1 kassie gesuikerde vrugte (10 pd.), (skenker onbekend); 2,000 pd droëvrugte en rosyne van Transvaalse Hoofkwartier; 500 pd. rosyne van O.B.-vriend, Eendrag, Worcester; 1 doos varsvrugte van J. L. Immelman, Koffiefontein.


(Genl.) J. LUBBE.

Leeukuil, Petrusburg.

## A.K.G. TE PERD OP INSPEKSIEREIS

In 'n onlangse omsendbrief van die Vrystaatse hoofkwartier verskyn "n bevel insake 'n inspeksiereis wat hierdie maand deur die A.K.G., genl. J. F. van der Merwe, gemaak sou word. Weens die petrolskaarste en tekort aan motorbande het die A.K.G. besluit om die reis te perd te onderneem. Elke generaal moet vir die ryperde in sy generaalskap sorg.

Dit wil voorkom of die oorlogsomstandighede mee sal bring dat die Ossewabrandwag se kommando-organisasie nog van groter waarde gaan wees as wat aanvanklik verwag is!



*'N PRAGTIGE KERSFEES-BESENDING*

# Dames-Hoede

nou net uitgepak

*KOM MAAK U KEUSE!!*

*by*

**Steyns**

**PAROW**

DIE SKIEREILANDSE MODERNE AFRIKAANSE DAMES-MODISTE.

---

**O**NS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

**B**ESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

***Hou Koers Na***

## Pro Ecclesia-Drukkery,

**Drukkers, Uitgewers en Boekbinders**

***Die Laan, Stellenbosch.***

**Ondersteun Ons Adverteerders**

# BELÊ U GELD

waar dit van

## 3½% tot 5%

rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u

**EIE VOLKSBANK**

# SPOORBONDKAS BEPERK

**Posbus 8289, Johannesburg.**

Takke oor die hele Unie.

---

**Die**

## MODERNE KLEREMAKERS

**(Die Afrikaanse Firma)**

●

VIR 'N BUITENGEWOON DEFTIGE EN GERIEFLIKE DAMES KOSTUUM OF MANS PAK KLERE, PROBEER ONS EERSTE. DIT IS NOU TYD OM TE LAAT MAAK, DAAR MATERIAAL DAAGLIKS SKAARSER WORD

●

**Skryf om monsters en maatvorms.**

**GROOTE KERKGEBOU 306**

**3de Verdieping KAAPSTAD**

---

## *A F R I K A N E R S*

Dis nie genoeg om jul mede-Afrikaners met woorde aan te moedig nie, ondersteun hulle met dade en stuur al jul produkte, vrugte en pluimvee aan die bekende markagente

**G. C. DU PLESSIS EN KIE.**

**MOREMARK, JOHANNESBURG**

Hoogste pryse, eerlike behandeling en onmiddellike afrekening gewaarborg.

**Posbus 2817.**

**Telegrafiese Adres: „Duplesko".**

Bankiers: Volkskas, Johannesburg.

## DANKBETUIGING

Die ouers van die drie jong manne wat verlede week voor 'n spesiale hof in Kaapstad verskyn het nadat hulle ses maande lank sonder verhoor opgesluit was, wens hul hartlikste dank oor te dra aan al die vriende vir die versorging van hul kinders deur voedsel en ander benodighede te verskaf tydens hul opsluiting in die gevangenis te Kaapstad en Pretoria en ook vir al die blyke van meegevoel met die ouers. Dit is in hierdie donker dae dat 'n mens jou ware vriende leer ken en dit is dade wat nooit sal vergeet word nie, skryf mnr. J. J. Duvenage van Steynsburg.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. | 5,422 | 12 | 11 |
| Mnr. Laubscher Kaapstad .. .. | | 10 | 0 |
| Getroue O.B.-lid Kaapstad .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Mnr. W. F. Spies Worcester .. | 1 | 0 | 0 |
| Tafelberg Vroue-Komm. Kaapstad | | 13 | 3 |
| Mev. M. E. van der Merwe Middelburg K.P. | 10 | 0 | 0 |
| Vriende met Nuwejaarsmaal Voëlklip | 1 | 0 | 0 |
| Lys 631 Groote Schuur Vroue-Kommando Kaapstad | 2 | 10 | 0 |
| Marchand Vroue-Kommando .. | 1 | 10 | 0 |
| Mnr. Roos Aughrabies .. .. .. .. | | 1 | 6 |
| Hottentots H. Vroue-Kommando | | 10 | 0 |
| Nieuwoudtville Vroue-Kommando | 1 | 7 | 6 |
| Walmer en Port Elizabeth Manne- en Vroue-Kommando | 10 | 0 | 0 |
| Vriende Prins Albert .. .. .. .. .. | 2 | 13 | 0 |
| | £5,455 | 8 | 2 |

**BYDRAES TOT AANBOD H/GENL. SCHOEMAN.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 425 | 10 | 0 |
| Spesiale bydraes Oudtshoorn Kommando's | 28 | 1 | 3 |
| | £453 | 11 | 11 |

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### VERLOWING

**SERFONTEIN — ROOS:** Katie, oudste dogter van mnr. en mev. C. P. Serfontein van Toevertrou, Slabberts, en Kwartus, enigste seun van mnr. en mev. C. J. Roos van Bokpoort, Clarens, maak bekend dat hulle verloof is.

**SWANEPOEL — MARAIS:** Anna, oudste dogter van komdt. en mev. D. A. Swanepoel van Môreson, Mooirivier, en komdt Snyman Marais, oudste seun van mnr. en mev. Izak Marais van Northcote, Willow Grange, wens aan familie, vriende/inne bekend te maak dat hulle op 13 November verloof geraak het en van voornemens is om op 13 Februarie 1943 (D.V.) in die huwelik te tree.

### DOODBERIG

**BURGER.** — Die Manne-Kommando, Goodwood, betuig sy innige meegevoel met die familiekring van Brandwag J. Burger, Goodwood, wat op 11 Januarie 1943 oorlede is. Sy heengaan is 'n verlies vir beide sy Kommando en sy Volk.

**VAN NIEKERK.** — Die Vroue-Kommando van Hottentots-Holland treur oor die heengaan van ons geliefde Veldkornette Lovina van Niekerk. Ons innige meegevoel met haar eggenoot en Kinders.
Haar treurende mede-offisiere en Brandwagte.

**VAN NIEKERK.** — Verhuis na haar Hemelse woning op 6 Januarie 1943, ons teerbeminde eggenote en moeder, Lovina van Niekerk.
Die bedroefde eggenoot en kinders.

### DANKBETUIGING

Mnr. en mev. W. Coetzee, Blythestraat, Beaufort-Wes, bedank al hulle O.B.-vriende hartlik vir ondersteuning gedurende sy siekte. Spesiale dank aan die Dominee en dokter.

### IN MEMORIAM

**LORENZEN.** — In liefdevolle herinnering dink ons aan ons eggenote, Mammie en Ouma, Ellen Elizabeth Lorenzen (geb. Koertzen), wat na 'n kort siekbed op die 17de Januarie 1942 van ons weggeneem is. 'n Jaar van innige verlange is verby.
Van Eggenoot, Kinders en Kleinkinders.
Stellenbosch.

**SMUTS.** — In liefdevolle herinnering aan my dierbare eggenote en ons moedertjie, Mimi (geb. Kotze), verhuis op 8 Januarie 1939.

As die nag sy donker sluier
Saggies om die aarde vou
Is daar stille weemoed, moeder
In die harte wat smag na jou.

Diep betreur deur haar eggenoot en kinders.
Tienie, Anette en Marius.

### IN MEMORIAM

**LORENZEN.** — 17 Januarie, dag van trane en rou, toe ons vir ewig moes afskeid neem van ons dierbare moeder Ellen Elizabeth (geb. Koertzen). Nog verstaan ons nie waarom u so jonk van ons moes afskeid neem nie.

Moeder, te kort u lewensuur,
Te lank die rou
Tog tot in Ewigheid
Goddank vir jou.

U verlangende Kinders,
Babs en Frikkie Wandrag en Kleindogter Ellentjie.

### TE KOOP

**TAFELAARTAPPELS**, baie mooi teen 14/6 per sak. Gelewer op Serpentine sylyn. **S. P. Gerber, P.S. Serpentine, Dist. George.**

**PLANTJIES:** Gesond en sterk. Barberton Madeliefies (Daisies): 3/6, 15/- en £6. Amerikaanse Boomangeliere: Idaho Beauty (pers), Regina (ligpienk), Salmon Regina, Corona (donkerrooi), Pionier (roospienk) en Rex (helderpienk), 3/6, 15/- en £6. Dairy Maid (wit met pienk-pers strepies), 7/6, £1-10-0 en £10. Pryse per 12, 100 en 1,000 respektiewelik. K.M.B., posvry in Unie. **John Smit, Bus 80, Tzaneen.**

**KAROO BOK-KRAALMIS.** Vry gelewer na Middellandse distrikte, O.V.S. en Natal stasies. 32/6 per ton van 12 sakke. K.M.B. 37/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B. Bestel vroegtydig en wees verseker van aflewering. Onmiddellike aandag word geskenk. Ref. Volkskas, Port Elizabeth. **J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

**ANGORA-RAMME:** Lewering vanaf 1ste Februarie 1943; Opreggeteelde Angoraramme teen £5 en £7-10-0 stuk.

### TE KOOP

**STERK**, gewortelde Angelier plantjies: Regina, Rex, Pioneer, Corona, Salmon Regina, Idaho Beauty 3/6 dosyn, 10/- 100. Lorraine 21/- dosyn; Rooi Regina 21/- dosyn; Dairy Maid 5/- dosyn; 25/- 100. K.M.B. Posvry Unie. Bogemelde soorte het groot dubbel blomme met lang stengels. **Thos. Dunn, Posbus 51, Tzaneen.**

**MELKRAS Afrikanerbulle.** — Geregistreer in Stamboek. Gebrand vir Goewernements subsidie. Bekwaam vir diens. Skoongeteel vir meer as sewentig jaar. £25 tot £40 elk. **A. L. Bekker, Klipheuwels, Steynsburg, K.P.**

### PLAAS TE HUUR

**DIE** uitstekende plaas **Wilgenhof, Williston,** is te huur vir minstens 2 jaar. Grootte 2 340 morge, jakkalsproef omhein. In twee kampe verdeel. Groot woonhuis. 4 morg grond onder besproeiing. 12 morg droë lande.

### BENODIG

**HAARKAPPER.**—Jongman met paar maande ondervinding as assistent in Haarsnyersafdeling. Eie gereedskap indien moontlik. Moet 100% O.B.-lid wees. Vir verdere besonderhede doen aansoek by: **P. R. Kleynhans, Haarsnyer, Ficksburg.**

**BLOKMAN** vir Afrikaner slaghuis naby stad. Doen aansoek met getuigskrifte by:— **V/M „Die O.B.,". Bus 1411, Kaapstad.**

### BENODIG

**AFRIKANERDOGTER** vir kook en ander huiswerk. Net 'n ou moeder. Meid in diens. Salaris £3 per maand. **Mev. J. P. Lötter, La Terra Du Luc, Franshoek.**

### BEDANKING

**Komdt. A. J. Theron, Gansbaai,** bedank van harte die vriende uit O.B.-kringe wat bygedra het tot betaling van die boete hom onlangs opgelê.

### BEKENDMAKING

Neem a.u.b. kennis dat 'n lesing en demonstrasie sal gehou word oor Blommedekorasie deur mev. dr. R. Verster, in die Ossewabrandwag-ruskamer, Donderdag, 4 Feb. 1943, om 3-uur n.m. Alle goedgesinde vroue is hartlik welkom.

**SNYMAN.** — Beulah, die 8-jarige dogtertjie van mev. P. J. Snyman, Oudtshoorn, verkeer tans in die Monte Rosa Hospitaal, Kaapstad, vir 'n mangel-operasie.

# DE KOCK se GARAGES

**Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.** **Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.**

Eienaar: **D. D. DE KOCK**

**Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors**

***TOT U DIENS!***

**V.M.K. AANBEVEEL.**

***BESIT U DIT!!!***

# *DIE OSSEWABRANDWAG VANWAAR EN WAARHEEN*

Die Ossewabrandwag beskou hom as die Soldatedom van die Republiek. As sulks wil hy voor die hele wêreld, vriend of vyand, beken vanwaar hy kom en waarheen hy marsjeer. Hierdie brosjure het sy ontstaan te danke aan die diepgevoelde behoefte van lede van die beweging om leiding oor kernvraagstukke te kry.

**Word per pos net in getalle van 1 Dosyn of meer verkoop.**

**PRYS 12/- PER DOSYN (13/- posvry) K.M.B.**

**By Kaaplandse Hoofkwartier te koop teen 1/- per eksemplaar.**

:

## GESONDE HUISGESINNE BOU 'N LEWENSKRAGTIGE VOLK.

Hierin word die Ossewabrandwag se amptelike Gesinsbeleid uiteengesit.
Word per pos net in getalle van 1 dosyn of meer verkoop.

**Prys per dosyn 10/- (posvry) K.M.B.**

By Kaaplandse Hoofkwartier te koop teen 9d. per eksemplaar.

**Geen Brandwag behoort sonder hierdie Brosjure te wees nie.**

:

- O.B.-Skryfblokke met bypassende Koeverte — 2/6 Posvry.
- Vlagknopies, — 1/6 elk.
- K.G.-Knopies, — 1/6 elk.
- Rangbande, — 1/3 elk. (Alleenlik vir Kaapland.)

Bestel van of koop by:—

# O.B.-HOOFKWARTIER

**GROOTE KERKGEBOU 916, Adderleystraat, KAAPSTAD.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.